

# *P*rysuitdeling

2019





## Prysuitdeling – Program

### Program

1. VERWELKOMING EN BEDANKINGS
  - Mnr. L. Goosen
2. SKRIFLESING EN GEBED
  - Me. S Maritz
3. JAARVERSLAG
  - Skoolhoof: Mnr. W. du Buisson
4. ANTWOORD OP JAARVERSLAG
  - Voorsitter van die Beheerliggaam:  
Me. S. Basson
5. OORHANDIGING VAN TOEKENNINGS
  - Graad 8
    - Voorhou van prestasies
    - Oorhandiging van toekennings
      - Mnr. C. Olën
      - Me. E. Coetzee
  - Graad 9
    - Voorhou van prestasies
    - Oorhandiging van toekennings
      - Me. T. Vermeulen
      - Mnr. H. Minnie
  - Graad 10
    - Voorhou van prestasies
    - Oorhandiging van toekennings
      - Me. A. Holtzhausen
      - Me. R. Hawkes
  - Graad 11
    - Voorhou van prestasies
    - Oorhandiging van toekennings
      - Me. C. Bates
      - Me. N. Steyl
  - Graad 12
    - Voorhou van prestasies
    - Oorhandiging van toekennings
      - Me. B. Hannekom
      - Mnr. R. Hugo
6. OORHANDIGING VAN SPESIALE TOEKENNINGS
  - Voorhou van prestasies
  - Oorhandiging van toekennings
    - Mnr. W. du Buisson
    - Me. S. Basson
  - 6.1 Nasionale Senior Sertifikaateksamen – 2018
  - 6.2 Erekleurbaadjies oorhandiging
  - 6.3 Akademiese toppresterders
  - 6.4 Junior Sportvrou en Sportman
  - 6.5 André Kemp-wisseltrofeë: sportman en sportvrou
  - 6.6 EK GLO-eretoekennings
  - 6.7 René Scholtz veelsydigheidsprestasië-wisseltrofee
  - 6.8 Toekennings vir leierskap aan die VRL van 2019
  - 6.9 Bekendstelling van die VRL van 2020
  - 6.10 Diplomas en trofeë vir leierskap van die matriekkomitee van 2019
  - 6.11 Bekendstelling van die gr 12-VRL, ondervoorsitters en voorsitters vir 2020

### DIE SKOOLIED



## Jaarverslag

Vergeet van al die mislukkings,  
maar moet één ding  
NOOIT vergeet nie  
Onthou om altyd God te dank.

**Amanda Bradley**



## VOORWOORD TOT DIE 2019 JAARVERSLAG

'n Skool se bestaansrede is om kinders akademiese en vaardigheidsopleiding in die klas te bied, fisiese en emosioneel te ontwikkel op die sportveld en kultuurakker asook die holistiese ontwikkeling van elke kind deur middel van gesonde dissipline en die ontwikkeling van 'n gesonde waardesisteem. Akademiese voortreflikheid staan dus sentraal elke dag by ons skool. Ek is trots op te rapporteer dat ons vanjaar op vele terreine in hierdie doewitte geslaag het.

### AKADEMIE

#### ***Matriekuitslae***

Die skool het in Januarie 2019 met baie goeie matriekuitslae vir 2018 weggespring. Ons het 'n slaagsyfer van 93.5% gehad wat onder omstandighede bevredigend was. 87 van die 94 matrieks het geslaag met toelating tot tersiëre studies:

Vlak van slaag	2019	2018
Baccalareuskursusse	60.2 %	42 %
Diplomakursusse	24.7 %	43 %
Sertifikaatkursusse	8.6 %	7 %

Dit maak ons opgewonde dat die kwaliteit van ons leerders se uitslae mooi verbeter het in terme van die aantal leerders wat toelating het tot Baccalareuskursusse. Ons matrieks wat verder gaan studeer of gaan werk, presteer baie goed en dit is 'n bewys van die kwaliteit onderrig en opvoeding wat u kinders by Hoërskool Sand du Plessis ontvang. Ons leerders is in aanvraag in die arbeidsmark, juis as gevolg van hulle werksetiek en die waardes wat ons skool uitleef.

#### ***Tegniese baan en beroepsopleiding***

Ons tegniesebaan groei elke jaar met rasseskrede. Ons eerste matriekgroep het verlede jaar reeds Gr 12 voltooi en elke jaar is daar net meer en meer leerders wat kies om die tegniesebaan te volg. Daar is reeds 'n groep van sowat dertig leerders wat in 2020 in Gr 10 die tegniesebaan gaan volg. Ek kan nie die noodsaaklikheid van 'n geleentheid om 'n tegniese kursus beskikbaar te hê as deel van ons skool se kurrikulum genoeg beklemtoon nie. Sowat 80% van leerders in lande soos Duitsland volg reeds op skool 'n tegniese kurrikulum. Ons almal weet hoe sterk Duitsland se ekonomie is en die kwaliteit van hulle produkte. Die situasie in Suid-Afrika is presies anders om, en ons almal weet in watter toestand ons ekonomie is. Ek dink dit het tyd geword om te besef dat almal nie dokters, prokureurs en rekenmeesters kan word nie maar dat daar mense moet wees wat bereid is om hulle hande vuil te maak sodat ons ekonomie kan begin groei. Ek sluit vakke by ons skool soos Verbruikerstudie, RTT en Toerisme in as vakke wat leerders praktiese vaardighede leer wat in die werkplek sinvol aangewend kan word. Ons skool bied tans die volgende tegniese vakke aan: Elektriesêrwerk, Boukonstruksie, Tegniese Wiskunde en Tegniese Wetenskap. Ingenieursgrafika en Ontwerp is 'n verpligte vak vir hierdie leerders.

Dit is baie belangrik om te onthou dat ons skool die enigste skool in die stad is wat hierdie tegniese vakke in Afrikaans aanbied. Dit gee ons skool 'n unieke karakter en toegang tot 'n eksklusiewe nismark wat geen ander Afrikaanse skool kan bied nie. Die tegniese kurrikulum is beslis nie 'n maklike kurrikulum nie en die leerders moet regtig hard werk om sukses te behaal, maar die vrugte wat hulle sal pluk, sal ongetwyfeld stroopsoet wees.

Die akademiese baan word ook hoegenaamd nie afgeskeep nie en dit is lekker om te sê dat 'n groot getal van ons onderwysers as merkers en senior merkers vir die gr. 12-eindeksamenvraestelle aangestel is. Die akademiese baan berei leerders net so goed voor vir verdere studie of om tot die arbeidsmark toe te tree.



## SPORT EN KULTUUR

Ons is baie trots op die vele prestasies wat ons leerders vanjaar op die sport- en kultuurterrein behaal het. 'n Hartseer saak is egter dat net sowat 'n derde van ons leerders aktief aan buitemuurse aktiwiteite van die skool deelneem. Ek het begrip vir leerders wat v&euml; bly maar ek versoek dat u as ouer u kind sal aanmoedig om meer betrokke te wees by ons buitemuurse program. Sagte vaardighede soos spanwerk, toewyding, konflikhantering en prestasie onder druk word gevorm op die sportveld. Hierdie vaardighede is in vandag se kompeterende beroepsw&euml;reld dikwels belangriker vir werkgewers as die akademiese kwalifikasie van 'n kandidaat wat aansoek doen vir 'n pos. Ek noem graag 'n paar hoogtepunte:

### SPORT

- **Rugby:** 9 van ons 0/19 seuns asook 4 van ons 0/16 seuns was deel van die Vrystaat Kiewiete spanne wat aan die VKB weke in Reitz en Frankfort deelgeneem het. Twee 0/15 seuns was ook deel van die Iqhaweweek span.
- **Netbal:** Vyf van die agt spanne het deurgedring na die semi-finale van hulle ligas. Die 0/19 B en 0/14 B spanne het in die finale van hulle ligas gespeel. 2 Dogters was gekies vir provinsiale netbalspanne.
- **Hokkie:** Ons 0/19 seunshokkiespan het 'n besondere goeie seisoen gehad waar hulle in 'n strawwe liga tot die finaal deurgedring het.
- **Atletiek:** Vyf seuns van ons skool het deelgeneem aan die Vrystaat Kampioenskappe.
- **Blackball:** Die A-span is die Bloemfontein ligawenners vir 'n tweede jaar in 'n ry.

### PROVINSIALE VERTEENWOORDIGERS

Die volgende spelers is in verskeie provinsiale spanne ingesluit:

- **Netbal:**
  - **Vrystaat 0/19:** Leona Sisita.
  - **Vrystaat 0/16:** Faith Sisita.
- **Rugby:**
  - **0/19-Vrystaat Kiewiete:** Kobus Dorfling, Shane Nienaber, Maritz Vermeulen, Tsihamo Moeng, Bradly Bokhary, Keanu Cameron, Tommie Bloem, Christo Erasmus en Elrico Wangra.
  - **0/16-Vrystaat Kiewiete:** Zandile Moshodi, Kobus van Dyk, Sia Molesana, Frikkie Bezuidenhout, Louis Steyl en Jaco Massyn.
  - **0/15-Vrystaat Iqhawe:** Juandre du Toit en Lebogang Rasethuntsa.
- **Blackball:**
  - **0/18 A:** Michael Vrey
  - **0/18 B:** Ewart Hawkes, Ethan Joseph, Jacques Labuschagne en Bernard van der Linde.
  - **0/14 A:** Marnitz Hawkes
- **Landloop:** Je-Andre Blaauw het derde gekom in die 0/15 wedloop gedurende die Suid-Afrikaanse Landloopkampioenskappe.
- **Oewerhengel:** Jacques Grobler is deel van die Vrystaaspan na die Nasionale kampioenskappe gedurende Desember.

### NASIONALE VERTEENWOORDIGERS

- **Karate:** Jan-Hendrik Basson was deel van die Suid-Afrikaanse span na die W&euml;reld Karate Kampioenskappe in Ierland gedurende September waar hy 'n brons medalje in die 0/21 Kumite spankompetisie ontvang het vir Kumite.



- **Hokkie:** Andre Pretorius is gekies vir die SA Bokkie Hokkiespan wat in September in Spanje gaan toer het.
- **Rugby:** Tommie Bloem is tydens die VKB week gekies vir 'n SA Platteland rugbyspan.
- **Marnitz Hawkes:** Lid van Protea-span na Blackball Wêreld Kampioenskappe in Siperus.

## KULTUUR

Die Revuefees was 'n reusesukses. Met die sowat 2700 mense wat dit bygewoon het. Ons het 'n wins van sowat R 200 000 gemaak.

## CUT WETENSKAP VASVRA

Drie graad 12-leerders, Breyton Baadjies, Hannes Lindeque en Deanu Zietsman het hierdie jaar aan die CUT vasvra deelgeneem. Hulle het deurgedring na die finale rondte saam met Sentraal en Grey-kollege, waar ons derde in die kompetisie geëindig het. Die leerders wen drie beurse ter waarde van R 7500 elk, om te studeer aan die Fakulteit van Ingenieurswese en Informasietegnologie by CUT. Baie geluk aan hierdie drie leerders!

## BEHEERLIGGAAM EN SANDOK

My dank gaan in besonder aan die Beheerliggaam van ons skool en Sandok wat te alle tye agter my en die skool in 2019 gestaan het. Dames en here, lede van die Beheerliggaam en Sandok, baie dankie daarvoor! Ek wil graag vir Mev Suezette Basson en Ronel Hawkes sowel as Mnr Rian Hugo bedank vir jare van getroue diens in die beheerliggaam. Mev Basson en Mnr Hugo se kinders is vanjaar in gr. 12 en dus kom hulle termyn tot 'n einde aan die einde van die jaar. Mev Hawkes se man is verplaas na Kaapstad. Daar sal dus 'n tussenverkiesing vroeg in 2020 plaasvind om hierdie drie vakatures te vul. Ek versoek dat u uself sal beskikbaar stel indien u graag 'n bydrae op hierdie gebied wil lewer.

Sandok, as ouerkomitee onder leiding van Mev Marlize Atkinson, lewer diens van onskatbare waarde deur fondse vir die skool in te samel deur onder andere die verhuring van die lapa te bestuur. Alle fondse wat ingesamel word, word direk teruggeploeg in die skool en sy leerders. Verskeie leerders is bv. geldelik ondersteun om deel te kon wees van verskeie provinsiale spanne in rugby en netbal.

## PERSONEEL

Ek moet ook die personeel en die bestuurspan, in besonder mnr. Groenewald, hartlik bedank vir baie ure se harde werk om Sannies net beter en beter te maak. Julle is voorwaar 'n voortreflike span!

Mnr Groenewald is op 1 Januarie 2019 aangestel as ons skool se nuwe adjunkhoof en Mnr Goosen en Mev Hoffman is as departementshoofde by ons skool aangestel. Baie geluk aan hierdie drie kollegas met hulle bevorderings. Ons is tans besig om die laaste vakante Departementshoof pos te vul na Mnr Kotze se bedanking.

## FINANSIES

Ons skool se finansies is onder beheer, maar daar is beslis ruimte vir verbetering. Baie dankie aan elke ouer wat getrou hulle kinders se skoolgeld betaal. Dit maak ons taak baie makliker.

Ek herinner u aan die begrotingsvergadering vir 2020 se begroting wat sal plaasvind op Woensdag, 13 November, om 17:30 in die skoolsaal.



## **EINDEKSAMEN 2019**

Die eindeksamen vir gr. 12 begin Woensdag, 23 Oktober en die gr. 8 – 11 eksamen begin kort daarna. Die gr. 8 – 9 leerders se eindeksamen tel 60% en die gr. 10 – 12 leerders se eindeksamen tel tussen 50 – 75% afhangende of die vak 'n PAT het of nie. Elke kind in hierdie skool kan dus nog met baie harde werk sy/haar akademiese jaar met groot sukses afhandel. Ek is baie opgewonde oor ons leerders wat hulle gemiddelde punt dramaties verhoog het van die Junie- na die Septembereksamen. 'n Geliefde gesegde van my kom van Gary Player: "The more you practise, the luckier you get."

## **50 JAAR FEESVIERINGE IN 2020**

20 Januarie: Amptelike verjaarsdag word gevier tydens 'n spesiale saalbyeenkoms saam met onder andere ons oud-skoolhoofde. Pret-draf en waterkaskenades vir leerders

6 Maart: Standardbank Entrepreneursdag

8 Mei: Itec Gholfdag

9 Mei: Akademia Damestee

17-20 Aug: Revuefees

4-5 September: Reünie vir alle oud-Sannies

## **TEN SLOTTE**

Ons skool staan voor vele uitdagings en bedreigings van vele fronte. Ek en die skool het elke ouer of voog se ondersteuning en betrokkenheid broodnodig om ons skool en sy leerders te beskerm en op te bou. Die skool moet 'n verlengstuk wees van die huis. Dieselfde waardes wat u kind by die huis geleer word word ook by die skool daagliks ingeprent. Ek nooi u uit om ons vennoot te wees in die opvoeding en opleiding van u kind vir 'n suksesvolle lewe as volwassene in ons pragtige land. Ek sluit af met die beroemde aanhaling van Pres John F. Kennedy: "Do not ask what your country can do for you, but ask what can I do for my country !"

Moet nie vra wat kan Hoërskool Sand du Plessis vir my doen nie maar vra wat kan ek vir Hoërskool Sand du Plessis doen.

**Met dank**

**Willem du Buisson**  
**Skoolhoof**



## DIE BEHEERLIGGAAM 2019

Mev. Suezette Basson – Voorsitter  
Mev. Ronel Hawkes– Ondervoorsitter  
Mev. Ilana Botha – Sekretaresse  
Mnr. Kobus Swanepoel - Tesourier  
Mev. Elizabeth Coetzee  
Mnr. Hendrik Minnie  
Mnr. Riaan Hugo  
Mev. Natasha Steyl  
Mev. Zuretha Erasmus  
Mnr. Rian Groenewald  
Mnr Carl Olën  
Mnr. Willem du Buisson  
Marnitz Vermeulen  
Leona Sisista

## PERSONEEL

Die samestelling vir volgende jaar is soos volg: skoolhoof, adjunkhoof, drie departements-  
hoofde, 24 leerkragte, drie administratiewe personeellede, een terreinopsigter en sewe terrein-  
werkers. Ons meld graag die volgende prestasies:

Mnr. J. Cordier

Mnr. C. Flynn

Mnr. L. Goosen

Me. B. Hanekom

Me. E. Hoffman

Me. J. Kyriakou

Me. S. Maritz

Mnr. C. Olën

Me. L. Pelser

Me. E. Pottas

Mnr. JC. Steyn

Mnr. J. Stoltz

Me. S. van Aswegen

Me. R. van der Walt

Me. T. Vermeulen

Mnr. R. Groenewald

Mnr. WJ. du Buisson

- 2de rugbyspan naasligawenners: Afrigter
- Nasionale Akreditasie: Aanbieder van Atletiekkursus.
- Vrystaat Atletiek: Spanbestuurder
- Vrystaat O/19-Kiewiete: Afrigter
- Vrystaat O/19 Rugby: Keurder
- O/15- rugbyliggawenners: Afrigter
- Engels Vraestel I: Merker
- Fisiese Wetenskap Vraestel II: Senior merker
- Engels Vraestel I: Senior merker
- Afrikaans Huistaal Vraestel I: Merker
- O/15-rugbyliggawenners: Afrigter
- Engels Vraestel III: Senior merker
- Afrikaans Huistaal Vraestel II: Merker
- 2de rugbyspan naasligawenners: Afrigter
- Nasionale Akademiese Rugbygroep: Skeidsregter
- 1ste Blackballspan ligawenners: Afrigter
- 1ste Blackballspan ligawenners: Afrigter
- Wiskunde Geletterdheid Vraestel II: Merker (November en Junie)
- 1ste Blackballspan ligawenners: Afrigter
- Afrikaans Huistaal Vraestel II: Merker
- 10 Jaar diens gelewer
- Rekeningkunde: Adjunk-hoofmerker
- 30 Jaar diens gelewer
- Lid van SAOU Provinsiale Dagbestuur
- Ondervoorsitter van SAOU Vrystaat
- Lid van SAOU Nasionale Uitvoerende Raad





## AKADEMIE

### DIE SKOOL IS TROTS OP SY GR. 12-PRESTEERDERS VAN 2018

Die volgende vakonderskeidings is in 2018 tydens die Nasionale Senior Sertifikaat eksamen behaal:

<b>Naam van leerder</b>	<b>Aantal</b>	<b>Vakonderskeidings</b>
Suné Wilson	1	Toerisme
Shené van der Linde	1	Lewensoriëntering
Tamryn van Niekerk	1	Toerisme
Janus du Plessis	1	Ingineursgrafika en Ontwerp
Aphiwe Mkorwana	1	Rekeningkunde
Jolene Human	1	Wiskundige Gelettertheid
Clarissa Lobb	1	Wiskundige Gelettertheid
Nané Koen	2	Lewensoriëntering en Engels
Andrea Steyn	2	Lewensoriëntering en Lewenswetenskappe
Sandra Muller	2	Wiskundige Gelettertheid en Toerisme
Bianca Barnard	3	Afrikaans, Engels en Lewensoriëntering,
Danielle Brand	3	Lewensoriëntering, Engels en Lewenswetenskappe
Ané Scholtz	4	Lewensoriëntering, Engels, Rekeningkunde en Lewenswetenskappe

### GRAAD 12 SLAAGSYFER:

Leerders wat slaag met Bacalareus toelating: 56

Leerders wat slaag met Diploma toelating: 23

Leerders wat slaag met Hoër Sertifikaat toelating: 8

Slaagsyfer: 93.5 %

## SPORT

### ATLETIEK

Ons kleurebyeenkoms het vanjaar weer op Pelliespark plaasgevind. Die dag was 'n groot sukses en van die atlete is geïdentifiseer om aan verdere kompetisies deel te neem.

Die eerste byeenkoms wat na die kleuresport plaasgevind het, was Motheo Zone 1. Ons atlete het goed presteer en 25 van die 34 wat ingekryf het, is gekies om aan die volgende rondte, nl. die Motheo Xhariep, meer bekend as Suid-Vrystaat, deel te neem. Vyf atlete het gekwalifiseer om aan die Vrystaat Kampioenskap wat die naweek van 2 Maart plaasgevind het, deel te naam. Hulle was: Luciano Bosby, Kobus Dorfling, Annalene Booyesen, JT Victor, Jeandre du Toit.

### HOKKIE

Hoërskool Sand du Plessis het vanjaar drie spanne in die onderskeie ligas ingeskryf, naamlik: 'n O/16-dogterspan, 'n O/19-dogterspan en 'n O/19-seunspan.



Die O/16-dogterspan is nog baie jonk en het 'n bietjie swaargekry in hulle liga. Die O/19-dogterspan het ook nog baie jong spelers, maar het hulle goed van hul taak gekwyt en sesde uit dertien spanne geëindig.

Die O/19-seunspan het baie goed gevaar en het aanskoulike hokkie gespeel. Hulle het tweede in hul liga geëindig.

Die jaar het drie van ons leeders is vir die Vrystaat Bokkiespan gekies, nl. André Pretorius, Eben Matthysen en Hannes Lindeque.

## **KRIEKET**

Die krieketseisoen het reeds vroeg in die jaar afgeskop met die O/19-liga wat in die vierde kwartaal van 2018 begin het om aan die begin van hierdie jaar, 2019, voltooi te word. Die eerstespan het wedstryde teen Grey D, Landboudal, Sentraal 2 en Jim Fouche gespeel.

Die nuwe seisoen vir die O/19-span skop weer in die vierde kwartaal van hierdie jaar af en sal in die eerste kwartaal van 2020 voltooi word.

Die O/15-liga het aan die begin van hierdie jaar begin en word in die vierde kwartaal voltooi. Ons het tot dusver ligawedstryde teen Sentraal B en Brandford gespeel. In die wedstryd teen Sentraal, waar ons met slegs ses lopies in 'n naelbytstryd verloor het, het Tiaan van Rooyen vier paaltjies in drie boulbeurte geneem. Die wedstryd teen Grey D het uitgereg. Verder het ons ook 'n vriendskaplike wedstryd teen Fichardpark gespeel, waarin die seuns baie goed gevaar het. Jackie Eloff het op die dag drie paaltjies geneem in vier boulbeurte, met die verlies van slegs agt lopies. Ricky September het ook drie paaltjies geneem in vier boulbeurte, met die verlies van 15 lopies. Hierdie is merkwaardige prestasies wat genoem moet word.

Ons het baie potensiaal in beide ons krieketspanne en deur die klein oorwinnings te vier en die nodige erkenning te gee aan spelers wat goed presteer, kan ons krieket as 'n sport by ons skool laat groei en ook die spanne lei om oorwinnings te behaal en weer bo uit te kom.

## **NETBAL**

Die liga het goed afgeloop en ons spanne het uitstekend gevaar. Van die agt spanne dring vyf deur na die semi-finaal.

O/14 B en O/19 B dring deur na die finaal, waar beide ongelukkig verloor. O/19 C wen die liga, sonder om uit te speel aangesien hulle al hul wedstryde gewen het en daar te min spanne ingeskryf was om 'n finaal te speel.

Daar was 'n groot getal meisies wat aan die Suid-Vrystaat- en Vrystaatproewe deelgeneem het en op die einde is Faith Sisita en Leona Sisita in hul onderskeie ouderdomsgroepe se Vrystaatspanne opgeneem.

Die seisoen is afgesluit met 'n wedstryd tussen die onderwysers en matrieks. Die gees was baie goed en die leeders het dit baie geniet.

Baie dankie aan elke afrigter vir jul toewyding en entoesiasme langs die baan en aan die ouers wat die spanne by elke wedstryd kom ondersteun het.

Die netbal het hierdie seisoen verskeie toerusting aangekoop om die kondisionering van die leeders te verbeter. Ons borg, Purple Carp, het ook aan ons paalbeskermers voorsien.



## RUGBY

Aan die einde van die jaar kyk ons terug na 'n vol program wat verby is. Die seisoen van 2019 is deur uitnemendheid gekenmerk. Gedurende die Maart-/Aprilvakansie is 'n baie aangename toer na Parys, ter voorbereiding vir die seisoen wat voorlê, onderneem. Ongeveer 12 skole van oor die land het aan die Rugbyfees te Parys deelgeneem en die kompetisie was van hoogstaande gehalte. Die seuns het hulle baie goed van hulle taak gekwyd.

Baie dankie aan die spanne se afrigters, mnr: L. Goosen, JH Stoltz, JC Steyn, C. Olën, C. Flynn, JD Cordier, A. Pretorius. Julle harde werk en entoesiasme gaan nie ongesiens verby nie.

Na afloop van die seisoen kan daar met sekerheid gesê word die maroen trui is met trots in die 2019-seisoen gedra.

Die volgende seuns is ingesluit in verteenwoordigende spanne in 2019:

### **O/19-Vrystaat Kiewiete:**

Kobus Dorfling  
Shane Nienaber  
Maritz Vermeulen  
Tsihamo Moeng  
Bradly Bokhary  
Keanu Cameron  
Tommie Bloem  
Christo Erasmus  
Elrico Wangra

### **O/16-Vrystaat Kiewiete:**

Zandli Moshodi  
Kobus van Dyk  
Sia Molesana  
Frikkie van Rensburg

### **O/15-Vrystaat Iqhawe:**

Juandre du Toit  
Lebogang Rosethantsa

'n Laaste woord van dank aan al die seuns vir die lekker seisoen asook aan al die ouers wat ons skool so ywerig op en van die veld ondersteun het. Dit word opreg waardeer. Sand du Plessis sien uit na 'n nog beter seisoen in 2020.

## TENNIS

Ons het hierdie jaar een dogterspan in die liga ingeskryf. Hulle het vanjaar baie beter gevaar en uit agt skole het hulle derde in die liga geëindig.

Wat verblydend is, is die aantal leerders wat nog nooit tennis gespeel het nie, wat opgedaag het om te oefen en te leer speel. Daar was party middag 13 leerders wat graag wil leer.

Baie dankie aan elke dogter vir julle entoesiasme en goeie sportmangees.



## LANDLOOP

Vyf leerders het aan die jaar se landloop deelgeneem. Drie van ons leerders het aan die Vrystaat kampioenskap deelgeneem. Je-Andre Blaauw het Vrystaat-klere verwerf en het by die nasionale kampioenskap 'n brons medalje verwerf. Baie geluk aan hom.

## SKAAK

Die skaakspanne het hierdie jaar weer aan die Bloemfontein Skaakliga deelgeneem. Die liga word elke jaar in die 2de en 3de kwartaal by Grey-kollege aangebied. Ons het twee spanne, nl. O/15B en O/17-Ope ingeskryf. Beide spanne het 6de in hulle ligas geëindig. Dirk Hartslief het 'n bordprys gewen vir die meeste wenne in die O15/B-liga.

## POTSPEL

Ons het vanjaar vier spanne in die skole-blackball-liga ingeskryf. Ons leerders het proewe gespeel om te bepaal in watter spanne hulle is. A – D-spanne is vasgestel deur die Online App Challenge. Leerders se wedstryde word uiteengesit en dan word die tellings ingelees. Die App bepaal ook dan die beste spelers wat gebruik is om die spanne vas te stel. Die liga is elke Vrydag by Tempe Cuesport Academy gespeel.

### Opsomming van liga:

Posisie in die liga	Span	Wen	Verloor	Gelykop
1	A	13	0	0
3	B	10	3	0
9	C	6	7	0
13	D	3	10	0

### Ligawenners:

Die A-span is die ligawenners vir 2019.

### Provinsiale Spelers:

In die Maartvakansie het ses van ons leerders aan die 2018/2019 Blackball Championships in Empangeni, KwaZulu-Natal gaan deelneem. Die O/18A-span het in die semi-finaal teen KZN 1 verloor en die O/14A-span het in die finaal teen KZN1 3-5 verloor. Die O/18A-span het in die Speedball tweede geëindig na Western Cape.

Marnitz Hawkes verteenwoordig die Protea-span in November by die Blackball World Champion in Cyprus.

## KULTUUR

### SANNIES ENTREPRENEURSDAG

Dit is met trots dat ons op 3 Maart 2019, die 18de Entrepreneursdag met die tema: “Laat Voetspore”, aangebied het. Die dag het ten doel om entrepreneurs aan te moedig om na aktualiteitsake te kyk, die arbeidstoestande in ons land in ag te neem en self werk te skep.

Die sukses van hierdie projek is direk te danke aan ons hoofborg, Standard Bank en ander borge naamlik die UV en ATKV. Deelnemers van oor die Vrystaat het weer hierdie jaar die beoordelaars verstom met hulle kreatiwiteit en entrepreneursvaardighede.



Hierdie projek is reeds 18 jaar oud en het oor die jare tot 'n vlagskip van die Hoërskool Sand du Plessis gegroei. Entrepreneurskap is van kardinale belang om ons jongmense 'n staanplek in die ekonomie te gee.

6 Maart 2020 is reeds weer as 'n rooiletterdag op Sannies se kalender aangewys. Sorg dat u hierdie geleentheid nie misloop nie, want saam met hierdie dag gaan Sannies se 50-jarige bestaan ook gevier word!

## **RADIKALE REDENAARSKOMPETISIE EN VRYSTAATSE KUNSWEDSTRYD**

Die leerders van die Hoërskool Sand du Plessis het hulle talente ten volle benut. Ons is baie trots op die leerders wat deelgeneem het aan die Radikale Redenaars en Vrystaatse Kunswedstryd. Hulle het besonder goed gevaar. Die uitslae is soos volg:

### **Radikale Redenaars:**

Kimberleigh Julius A  
Elethia Pick A  
Abigail Minnie A+  
Tazzlyne Colbert A  
Roshaan Plaatjies B+  
Cleo Dene Lubbe A

### **Vrystaatse kunswedstryd:**

Jaydene le Fleur A  
Karabo Papane A  
Sade Steenbok B+  
Nadine Gerber A  
Carna Venter A+

## **DINK-OF-SINK**

Op 1 Augustus het ons by Oranje twee junior spanne en twee senior spanne gehad wat deelgeneem het. Ongelukkig het ons nie deurgedring na die volgende ronde nie.

### **Spanne:**

#### **Junior 1: Vinnige vlooië**

Leandre Goliath  
Abigail Minnie  
Breyton Lindeque

#### **Junior 2: Vinnige flinkers**

Katelyn Johannes  
Dirk Hartsliëf  
Carika van der Hoven

#### **Senior 1: Taalbrekers**

Kimberleigh Julius  
Marina van der Hoven  
Alicia Sutherland

#### **Senior 2: Brein Blixems**

Hannes Lindeque  
Nkadameng Monyeke  
Charman Kriel



## SUDOKU

Vanjaar se Sudoku-kompetisie het op 6 September 2019 tydens pouse in juf. Van der Walt se klas plaasgevind. Leerders is vooraf ingelig oor die kompetisie en kon hulle self voorberei vir die kompetisie.

Enige leerder van die skool kon deelneem, ongeag geslag of ouderdom en elkeen het dieselfde Sudoku voltooi.

Leerders het net die pouse gehad om dit te voltooi en daar is gekyk na wie dit die vinnigste en korrekste kon voltooi. Ses leerders het deelgeneem en slegs twee kon dit voltooi.

Vanjaar se wenner is Mia Marais met Breyton Lindeque die naaswenner.

## REVUE

Vir sommiges die eerste keer en vir sommiges die laaste keer... Kamera, ligte, musiek. Groot opgewondenheid heers onder die kinders en ook onder die ouers, oumas, oupas, tannies en ooms. Almal, van groot na klein, blink van kop tot tone en skitter, want vanaand is elkeen 'n ster op die verhoog...

Hoërskool Sand du Plessis se jaarlikse revuefees het op 12 Augustus in die Sand du Plessisteater afgeskop. Daar het meer as 2500 deelnemers op die verhoog verskyn, wat die 17de fees weereens 'n reusesukses gemaak het. Nadat die fees op 15 Augustus tot 'n einde gekom het, het 40 skole hul stempel op die verhoog afgedruk.

Skole kon groepe van enige ouderdom inskryf om aan die kompetisie deel te neem. Daar is elke aand 'n wengroep aangewys. Die prysgeld vir die wengroep is vanjaar deur Chas Everitt geborg. 'n Besondere woord van dank aan alle borge en die beoordelaars van Hoërskool Sand du Plessis. Alle groepe het ons verwagtinge oortref.

Die groepe wat vanjaar met die trofee weggestap het, is: Jimmie Roos, Tjokkies, Ad Laudem en die Sentrale Volksskool van Kroonstad.

Ons trots is ons vier graadgroepe wat elke aand puik en met passie opgetree het en so Sand du Plessis se tradisie laat voortleef. Dié jaar was daar egter 'n kinkel en is die gehoor se asem weggeslaan met 'n "grand opening", anders as die vorige 16 "grand finalés".

2020 se revuefees is reeds op die kalender neergepen en ons sien uit na die kreatiwiteit van die afrigters en organiseerders vir volgende jaar.

## SANDTRAPPERS (JUNIOR ATKV)

Die bestuur van 2019 met Jan-Hendrik Basson as voorsitter, het ons ATKV-tak met entoesiasme gelei. Ons hoofokus was op ons taal Afrikaans en die gemeenskap.

Vanjaar het afgeskop met 'n stalletjie by ons skool se entrepreneursdag. Hulle het 'n springmielienstalletjie met die naam **Spookpoppers** gehad wat ook as die beste finansiële stalletjie 'n prys gewen het.

Hierdie jaar het ons Valentyns Hartjiekokies met 'n Afrikaanse slagspreuk verkoop wat 'n groot treffer was.

In die tweede kwartaal is 'n opwindende fliekaand "in Afrikaans" gehou. Slegs blikkieskos is as ingangsfooï gevra wat aan minderbevoorregtes geskenk is.



In 2019 het ons begin met 'n Idiomeprojek waar 'n spesifieke idioom gekies is wat met elke onderwyser geassosieer word.

Ons Sandtrappers staan sterk in ons taal en kultuur. Jou taal is soveel meer as net woorde. Dit is die uitvoeisel van wie jy is... dit is waar jy vandaan kom en waarheen jy op pad is. Jou taal is deel van jou bestaan.

Die Sandtrappers sien daarna uit om in 2020 deel van die skool se 50-jarige feesvieringe te wees!

## VCSV

Die CSV het hierdie jaar weer 'n opwindende program gehad. Ons het afgeskop met die kringleierskamp wat weer by die VCSV Retiefkampterrein net buite Bloemfontein plaasgevind het. Ons het 'n groep van twintig kringleiers in totaal by Sannies gehad, alhoewel hulle nie almal die kamp kon bywoon nie. Ons is baie dankbaar vir die CSV-kringleiershemde wat deur Cunningham Eiendomme vir elke kringleier en CSV personeellid geborg is. Die kringleiers het ook 'n stalletjie by ons jaarlikse Sannies Entrepreneursdag ingeskryf en het die prys vir die beste stalletjie van die dag gewen. Ons het verskeie sprekers gedurende die jaar by ons CSV saalperiodes wat elke tweede Dinsdag plaasgevind het, gehad. Die leerders is vanjaar waarlik verrek deur elke geleentheid en elkeen van die gaste wat ons skool besoek het.

## VOORTREKKERS

Vir 2019 het ons begin met drie nuwe lede.

Ons aktiwiteite vind elke Maandag vanaf 17:00 tot 18:00 plaas – met verskeie projekte waaraan ons gewerk het. Die gr. 8-Verkenners het met hul jaarlikse kamp by Doornkloof die Dans- en Handwerk kentekens verwerf. Die gr. 9-Verkenners het by dieselfde kamp Ekologie en Kampelewe voltooi.

Ons het ook 'n uitreik na die gemeenskap gehad deur gebruikte klere en ander items asook speelgoed na behoeftige mense te versprei. Daarna het ons almal met 'n laat ontbyt "brunch" gaan ontspan. Die gr 9's het hul Verfbal "Paintball" en Varswaterhengelkentekens gaan verdien

In Augustus het hulle ook ander kentekens met die kentekennaweek verdien.

Gr. 8 – Kerkjaar en Selfverdediging

Gr. 9 – Touwerk en Spyseniering

Enige persoon wat nou reeds gebruikte goed wil uitgooi vir ons gemeenskapprojek volgende jaar, is welkom om ons te kontak.

Baie dankie aan mnr. Du Buisson en die personeel vir die bystand en ondersteuning deur die jaar. Ons hoop om volgende verder daarop te bou.

## ALGEMEEN

### SANDOK (SAND DU PLESSIS ONDERSTEUNERSKLUB)

Sandok is heeljaar doenig met allerhande bedrywighede om fondse te genereer vir die kinders van die skool om uit te help met donasies vir hulle uitgawes na kompetisies en om take wat Sandok die skool mee kan help, te befonds of self aan te pak en af te handel.



Sandok dan op die volgende maniere die skool ondersteun:

- Kriekethoede en skoolwapen gedruk op hoed, help betaal vir al die onderwysers
- Vyf Blackball leerders, 14 rugbyseuns, twee netbalmeisies, een landloopseun en 1 SA Karataseun is met donasies gehelp om hulle uitgawes te dek, ten bedrae van R19 300. Enige sport- of kultuurbydrae word gemaak.
- By rugbywedstryde wat by die skool aangebied is, het Sandok al van vroegoggend gereed gestaan met gratis koffie en toebroodjies, en dan later worsbroodjies, koeldrank en skyfies.
- Sandok het 'n stalletjie gehad by die Reünienaweek en daar is wyn en ander memorabilia verkoop
- Sandok het 'n "natgat" geborg by ons jaarlikse gholfdag vir R1 000 en daar is ook pette, gholfballe en handdoekies verkoop
- Mooi bedrae is ingesamel met 'n totaal van R 9 667 vir al die geleenthede
- Sandok het ook nuwe tafelblaaie laat maak vir die lapa, wat ook 'n goeie beeld uitdra as die lapa verhuur word. Die blaaie se onkoste het R8000 beloop. Sandok verhuur heeljaar die lapa uit vir enige funksies ten bedrae van R1 900
